Chemists PLUS -apteke
CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
ASPU
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIV NOMMER 1 26 JANUARIE 1979

TOPS
Uitsig Deurloop
Tel. 21112
VIR: Rekenaars
Witjasse
Dissekteerstelle
* * * * *
Skoonheidsmiddels
* * * * *
Geskenke

# REKTOR DRUK EERSTEJAARS DIE HAND



*Prof. Tjaart van der Walt, rektor van die PU vir CHO.*

**Welkom tuis, nuwe Pukkie! Jy het ongetwyfeld al heelwat dom dinge in jou lewe aangevang. Maar wees getroos: Jou besluit om PU toe te kom, was beslis nie een van hulle nie.**

Jy is waar jy hoort. Maak jou tuis. Grawe jou in. Skiet wortel.

Wakker jong Christen-Afrikaners voel dadelik hier tuis. En dus ook jy, nie waar nie?

Die pad vorentoe is styl - maar juis daarom die moeite werd. As iets te maklik gaan, waardeer 'n mens dit nie na behore nie.

Rol jou moue op, klim in, en bou aan die toekoms.

Jy leef in 'n unieke tyd waarin jy nie net sien hoe geskiedenis gebeur nie, maar waarin jy ook kan help om geskiedenis te máák.

Die PU se plek is op die voorpunt.

Agteros kom ook in die kraal. Moenie agter hom aandrentel nie; wees hom liewers voor om die hek vir hom oop te maak en oop te hou.

Ek dink aan jou eie verantwoordelikheid vorentoe. Slyp jou om eendag as studenteleier oor te neem. En om ná die studentelewe reg te wees vir gróót dinge.

Wees 'n verankerde voorposdenker. Iemand wat raakvat en vasvat, koers hou en aanhou, saamstaan en vorentoe dring.

Maak heerlik kennis met die veelsydigheid van ons studentelewe - maar met oorleg. Geniet die vreugde van jongwees voluit - maar met matigheid. Verdiep jou intensief in die akademie - maar met balans.

'n Nuwe, unieke fase in jou lewe het aangebreek. Dit kom nooit weer terug nie. Benut elke sekonde daarvan.

Moenie net georiënteer word nie (daarvoor sal die seniors sorg) - oriënteer jouself . . . en peil loodreg op jou mikpunt af.

Mag dit met jou baie goed gaan, nuwe Puk. Ek is bly jy is hier!

# STUDENTE GEDIEN

**Sekere studentedienste bestaan op die PU wat hiermee aan die eerstejaars bekend gestel word.**

Die Kampus Mediese Diens dra die aard van 'n nood- en verwysingsdiens en is in belang van studentegesondheid ingestel. Gevorderde en verdere behandeling word nie deur KMD gedoen nie, maar studente word na ander geneeshere verwys. Siektes en ongevalle sal dus aanvanklik deur die span van geneeshere, verpleegsters en 'n fisioterapeut behandel word.

Die diens is kosteloos en alle siektesertifikate moet deur die KMD gekanaliseer word in geval van afwesigheid van lesings. Studente betaal slegs 'n geringe bedrag by inskrywing aan die PU, en verdere mediese behandeling is gratis. KMD sal self siektesertifikate uitreik of dit parafeer.

Die spreekkamer is in die Farmakologievleuel van die nuwe Biologiese Wetenskappegebou, op die eerstevloer in kamer III, geleë. Meer inligting omtrent KMD sal later versprei word. HK-lede kan aanvanklik help indien probleme met afsprake ontstaan, siende dat daar vaste spreekure is.

BOEKE

Eerstejaars moet eers uitvind of hulle tweedehandse boeke kan bekom, voordat hulle boeke gaan koop. Daarvoor bestaan daar 'n tweedehandse boekwinkel op die kampus. Besonderhede is by die SSR-kantoor beskikbaar.

Ander spesiale dienste bestaan by Harold's Motors in Kerkstraat. Dit raak motoronderdele, nuwe motors, gebruikte motors en dienste en herstelwerk aan motors. Studente kan 'n SSR-plakker by die SSR-kantoor kry en petrol wat by hierdie vulstasie ingegooi word, verdien 'n inkomste vir die Studentediens, wat dan in die studentelewe teruggeploeg word. Nadat R20 se petrol ingegooi is, is 'n student by inhandiging van sy kwitansies geregtig op 'n gratis was en politoer van sy voertuig.

Studente kan ook by Huis en Tuin, op Die Bult, spesiale dienstariewe vir skoenreparasies en vir droogskoonmaak van klere verkry. Die verskil in pryse is substansieel en die moeite werd om van gebruik te maak.

## LEES BINNE

Algemene Kampusnuus . p2
• • •
ASB ......... p2
• • •
Gematigde Engelse ..... p4
• • •
Akademiese Verenigings . p5
• • •
Korps Veritas oorwin ..... p6
• • •
Sport ....... p8

# SSR-voorsitter sê:

Geagte Eerstejaars,

**Jy's hier! Uiteindelik op universiteit! Maar wag 'n bietjie. Nie sommer "universiteit" nie - jy gaan aan die PU vir CHO studeer. Die PU, met sy ryk tradisie en naam, sê dus: WELKOM! Die enigste, die beste PU in die hele wêreld. Jy's bevoorreg om hier te wees - min mense in ons mooi land kan sê dat hul PUKKE is.**

Maar wat het jy hier kom doen? Droogmaak of mees soek? Rugby speel of sleep? Klas draf of karnaval hou?

Ek hoop ek kan help: die belangrikste doel van universitêre opleiding is om van na-aperige skoolkinders volwasse jong wetenskaplikes te maak. Die belangrikste doel van opleiding aan die PU is om die wetenskap in die lig wat die Bybel ons gee, te beoefen. Dit is diè uitstaande kenmerk van die PU vir CHO.

Aan die einde van 1978 het die PU sy hoogste slaagsyfer in die geskiedenis gehad - en dit ten spyte daarvan dat standaarde en leerplanne steeds verhoog en verbreed. Dit bewys dat akademie eerste prioriteit kry en moet kry - anders mors jy jou, jou pa en die Staat se geld! Sterkte met jou studie en onthou: om selfstandig te werk is nodig vir elke ware student.

Daar is egter ook 'n ander kant van die PU: die Universiteit met die meeste verenigings en klubs, die aktiefste studentelewe, die studente wat die lekkerste sing, die studente met die beste gees . . . so kan ek aangaan. Kyk maar op 'n ASB-kongres, Intervarsity of Universitêre kamp waar studente van alle universiteite saam is! Ons oriëntering, karnaval, ***twee*** intervarsities (die enigste universiteit met twee), eerste- en tweedejaarskampe, ASB-projekte en laastens (en ook meestens) ons nuwe ***studentesentrum***, die beste en lekkerste in die wêreld.

Gooi jouself in die studentelewe in: kies een vereniging en een sportklub - neem deel! Dit is net vir 'n paar jou jou voorreg!

Hierdie twee fasette - akademies en studentelewe - maak van PUK-studente die mees gebalanseerde studente en ***volle*** mense in die land. Onder die akkerbome en wilgerbome van Potchefstroom lêwe ons - maak seker dat jy dit nie misloop nie!

O-ja, voor ek vergeet: sterkte met oriëntering - dit is net twee weke lank.

*Theuns Eloff, SSR-voorsitter van die PU.*



# Studente dien daadwerklik

**Die Studentegemeenskapsdiens het 'n nuwe begrip in die studentelewe geskep. Die gerigtheid van die studentelewe het weg van homself na die gemeenskappe rondom hom verskuif. SGD bied aan studente die geleentheid om wat hulle ontvang, uit te leef en mee te deel. Studente dra só 'n positiewe deel by tot die gemeenskappe om hulleself.**

SGD is praktiese Christen-wees. Elke student en elke vereniging kan op sy eie terrein of sy eie vakgebied een of ander diens aan die gemeenskappe buite die universiteit bied.

Feitlik al die verenigings word by praktiese projekte betrek. Hieronder is die oprigting van skole, kerke en hospitale in tuislande en ander gebiede; sportafrigting by skole; drama-afrigting en drama-opvoerings; naaldwerklesse aan kleurlinge en swartmense; huishoudkundelesse en aptekersdienste.

Die belang van SGD word weerspieël deur die houding van die SSR teenoor hierdie diens. Die geld wat tydens karnaval ingesamel word, sal van vanjaar byna uitsluitlik vir die funksionering van die gemeenskapsdiens aangewend word.

Belangstellendes kan hulle besonderhede in bussie sewe by die SSR-kantoor pos.

# Besluit self oor ASB-lidmaatskap

**Die ASB gee aan 'n student die geleentheid om o.a. oor sy land en sy toekoms te praat en stimuleer sy lede om hieroor te dink. Met die verskeie publikasies van die ASB, naamlik die koerant, die ASBek, die vlugskrif, ASBond, en artikels in diktaatvorm, die ASBeeld, word aktuele sake behandel. Hierby kom nog die ander voordele van die ASB: kontak tussen universiteite (Afrikaanse, Engelse en andersvolkige universiteite en kolleges) tydens ASB-konferensies, -kongresse en informele besoeke; buitelandse toere, jaarlikse kongres van alle universiteite en kolleges wat lede van die ASB is; dan is die aktiwiteite van die ASB-komitee van elke kampus nog nie eens genoem nie.**

Voorheen was alle studente van 'n geaffilieerde kampus outomaties lid van die ASB - behalwe op UPE en Stellenbosch - waar slegs ASB-verenigings bestaan. Gedurende die afgelope ASB-kongres in 1978 is besluit dat persone wat nie lid van die ASB wil wees nie, uitdruklik (by wyse van 'n brief of mondelings aan Jan-Louis du Plooy) by die SSR-kantoor hulle name moet opgee. Die name word dan op 'n lys geplaas. Die res van die studente - of te wel die stilswyende meerderheid - word dan aanvaar as lede van die ASB. Die sluitingsdatum vir hierdie disaffiliasie van die ASB is 28 Februarie 1979. Die rede vir hierdie besluit deur die kongres is omdat daar gevoel is dat nie een Afrikaanse universiteit meer so homogeen is dat 'n mens kan aanvaar dat elke student op die kampus ASB-gesind is nie.



*Fraai neefs en niggies wys hoé die ding gedoen moet word.*

# PUKKE DRAAI EN SWAAI

'n Volkspelelaer met 'n lang geskiedenis en 'n nog langer tradisie bestaan op die PU. Vandat die mens sy eerste bewegings op die maat van musiek gemaak het, bestaan dié Volkspelelaer al.

Die eerste oefening word op Woensdag 28 Februarie gehou. In die nuwe jaar gaan die lede van die laer see toe en ook Pietersburg toe vir 'n kursus. Die Volkspelers besoek gereeld skole en leer aspirant-Pukke hoe om Volkspele te doen.

# WORD DIE BERGE S'N

**Die naam MONTIUM staan in verband met berge. Montium bestaan uit twee afdelings: rotsklim en stap.**

Dit is 'n vereniging vir mense wat lief is vir die natuur en om dit met ander te deel. In die berge of valleie leer 'n mens jou medemens op 'n ander manier ken, want jy is blootgestel aan die basiese elemente van die natuur.

Montium beteken nie noodwendig rotse klouter of waaghalsig wees nie. Die staptoerafdeling wandel op bekende en maklik begaanbare wandelpaaie.

Al wat nodig is, is 'n goeie paar stapskoene en 'n warm slaapsak. 'n Rugsak kan by die klub gehuur word. Daar sal vroeg in die jaar 'n openingsnaweek gereël word.

# DRAMAVERENIGING VERLEWENDIG

VERAL voornemende dramastudente en ander studente wat hulle kennis van die teater wil verbreed kan hulle gewig by die dramavereniging kom ingooi. Die dramavereniging stel hom ten doel om geleentheid vir sosiale verkeer te skep en die verhouding tussen die junior en senior studente van die Departement Spraakleer en Drama te bevorder.

Die program van 1979 sluit onder andere die volgende interessante items in:

- skakeling met dramastudente van ander universiteite,
- besoeke van professionele kunstenaars,
- 'n besoek aan die Filmraad,
- aktiewe deelname aan Aksie-Pukmiljoen.



*'n Paar Restorasielede help 'n medelid aan sy 1931-Austi[n]*

# Zij Hebben Gezegd

**Die volgende is deur die SSR op 5 Oktober 1978 besluit en bekendgemaak:**

- 'n Verkorte weergawe van die studentehandboek gaan met die oog op die Broseksamen saamgestel word. Dit sal teen die einde van Februarie beskikbaar wees.
- PU-klere sal vanaf Maart 1979 by Sparno beskikbaar wees.
- Die prys van die sakboekie vir 1979 is 70 sent. Dit is verkrygbaar by die kantoor van die SSR-penningmeester.
- Die studenteburo is bekendgestel. Mnr. Joggie Hattingh is direkteur en tree op as skakel tussen die rektor en die georganiseerde studentelewe. Die funksie is drieledig, naamlik adviserend ten opsigte van alle studente, koördinerend ten opsigte van alle aktiwiteite en verwysend na betrokke instansies. (Administrasiegebou kamers 102, 103 en 110)
- Die swartborde in die duikweg is beskikbaar vir kennisgewings, klagtes en menings wat onder die aandag van die studente en SSR gebring wil word.

# Staatmakers hou koers

**Die tema van die Staatmakers is dié van Burgerlike Beskerming. Die jaarprogram word rondom hierdie tema uitgebou en sluit skiet, brandweeropleiding, noodbeplanning en soortgelyke aksies in.**

Gedurende die Aprilvakansie gaan die Voortrekkers die Namib aandurf. Hulle sal ook 'n trapkar inskryf tydens karnaval. Die kultuuruitstalling van die Staatmakers word van 13 tot 15 Maart gehou, en sal die wye belangstellingsveld van die lede van hierdie vereniging aan die lig bring.

# Skrywers het hul kring

SKRYWERSKRING stel hom ten doel om deur middel van goeie opbouende kritiek die werk van skrywende Pukke te verbeter. Goeie bande word ook op informele wyse tussen verskillende digters en skrywers gesmee.

Skrywerskring is mense wat die digkuns en skryfkuns kan geniet, waardeer en beleef. Ook is dit 'n kring waarin mense saam kan dink. Daarom is dit nie nodig dat 'n mens hoef te skryf om 'n lid te mag wees nie.

Daar word jaarliks 'n bundel, LENS, uitgegee waarin die beste gedigte van die jaar geplaas word.

# RESTORASIO MAAK DIT BETER

**RESTORASIO het ontstaan as gevolg van die behoefte wat by studente ontstaan het om iets konstruktiefs met die hand reg te maak en om die sosiale deel van studentwees hierby te betrek.**

Helfte van die tyd word aan restoreerwerk bestee. Die ander helfte word aan klubvergaderings en braaivleise bestee. Uitstappies soos 'n besoek aan 'n veteraanmotorklub in Johannesburg, word ook gereël.

Ledegeld vir enigeen is vyf rand per jaar. Elke lid restoreer sy eie meubelstuk, veteraanmotor, perdekar of ou geweer. Daar word ook ruimte gelaat vir studente wat aansluit bloot vir die sosiale sy van die klub. Ledevergaderings word gewoonlik Woensdagaande gehou en op Saterdae hou ons braaivleise en restoreeraksies by die werksplek.




# Fotiek verklap geheime

**Enige student wat 'n eenvoudige soort kamera besit, kwalifiseer as lid van die plaaslike fotografieklub. Lede wat tien rand ledegeld betaal het, ontvang gratis onderrig in verskeie fotografiese tegnieke.**

Studente leer hoe om films en foto's te ontwikkel, hoe om kunsfoto's te maak, die geheime van litografie, portretstudies en landskapstudies en die bemeestering van kleurfotografie.

Fotiek het naweekkampe en ander uitstappies in die mou, maar hierdie geheime sal mettertyd deur hulle kenmerkende plakkate bekend gemaak word. Belangstellendes moet hulle name en adresse in bussie 62 by die SSR-kantoor pos.

Superette Supermark

*die studentewinkel vir persoonlike en vriendelike diens*

**Foon: 5291** **Tomstraat 100b**

Turkstra

**BAKKERY**

gebak vir die FYNPROEWER

**Kerkstraat 61**
**Posbus 960**
**Potchefstroom**
**Tel. 5341**

Norma's Bloemiste

**Koedoe Gebou (Agter CNA)** **Potchefstroom Tel. 5796**

"Liefde is om dit met blomme te sê"

elna air electronic

**ELEKTRONIES MAKLIK**

**Waarom met minder tevrede wees?**

**Ons het 'n model om elkeen se sak te pas by**

**ELWINNA**


**Santam Deurloop Potchefstroom. Tel.: 5412**

**GRATIS NAALDWERK ADVIES**
**Vrydag tussen 10h00 en 12h00.**

**Naaldwerklasse Woensdag middae.**
**Maak u eie rokke onder toesig van Winnie Henning. R5,00 per middag U kan soveel rokke maak as u wil. Bring u masjien, materiaal en patroon.**

# Kommando beïndruk

**PARATUS berig in 'n artikel oor die PU-kommando dat hierdie besondere kommando hoofsaaklik trag om leierskapmoontlikhede te identifiseer en ontwikkel.**



*Die eerstejaars van 1979 is die eerste groentjies wat die nuwe studentesentrum gaan gebruik.*

Hierdie kommando bestaan in transito aangesien lede ná voltooiing van hulle studie die kommando verlaat. Lede kan nietemin gedurende hulle studiejare 'n hoër vlak van leierskap in die kommando bereik as wat hulle met hulle koms gehad het.

Die kommando is die oudste van sy soort in die Republiek. Na regte is die volledige naam van die kommando die PU vir CHO-kommando.

Die kommando het in 1977 vir die eerste maal toegelaat dat vrywillige vrouelede aansluit. Die groep het 'n streng keuringsproses deurstaan en is baie gemotiveerd.

Die lede bestaan uit spesialiste in verskeie professionele beroepsrigtings. Gedurende die lang universiteitsvakansie lewer hulle waardevolle dienste aan die tuislande op meer as een gebied.

# HOOR JOUSELF GESOND

**Min studente is bewus van die unieke diens wat die Departement Opvoedkundige en Sielkundige Dienste aan die PU lewer. Die PU en die inrigting vir geestelik versteurdes by Witrand, beskik oor die enigste twee sentra van hulle soort in die land. Daar bestaan maar min van hierdie sentra oor die hele wêreld, omdat hierdie terapie hoogs gespesialiseerd is.**

Die metode waarop hierdie terapie gebaseer is, word die metode van oudiopsigofonologie genoem. Oudiopsigofonologie behels die studie van die verband tussen die mens se hoorvermoë, sy psigologiese houding en sy spraak- en taalvermoëns. Hierdie wetenskap is gebaseer op die werk van 'n Franse spraakterapeut, prof. Alfred Tomatis.

Prof. Tomatis het bewys dat 'n pasiënt se gedrag en spraak verbeter wanneer sy ouditiewe vermoë verbeter word. Vir hierdie doel het hy verskeie elektroniese sisteme gekombineer in die sg. Elektroniese Oor.

Opvoedkundige en terapeutiese tegnieke wat op oudiopsigofonologie gebaseer word, dek 'n wye veld in die menslike bestaan. Dit behels terapie op die gebied van praat en sing, uitspraak of leesvermoë, en psigologiese doofheid of duiseligheid. Gebrekkige konsentrasie of geheue, links/regs onvermoë of gedragsprobleme soos epilepsie of gebrekkige selfbeheersing kan deur middel van hierdie metode genees word.

Vreemde tale kan ook op hierdie metode aangeleer word. Die klanke van die vreemde taal, bv. Frans, word gefiltreer sodat die student Frans hoor soos 'n Fransman dit hoor. Daarom kan die student Franse klanke soos 'n Franssprekende persoon uitspreek.

## KONTAK-POLITIEK

**Kontakpolitiek is 'n onderliggaam van die Politiese Raad van die PU wat hom ten doel stel om sekere vraagstukke met spesifieke politieke inslag te bestudeer.**

Die kontakpolitiekkomitee reël vergaderings waarná sekere studente uitgenooi word om persoonlik kontak met politieke leiers en figure van politieke instellings en van ander landsaangeleenthede te maak.

Uitnodigingskaartjies word aan studente wat die vergaderings wil bywoon, gestuur.

## RADIO PUK ROEP U

SODRA die ateljee in die Studentesentrum in gebruik geneem is, sal Radio PUK onderhoude, sportuitsendings en versoekprogramme begin uitsaai. Dan sal begin word om op 27 MHz (kortgolf) uit te saai.

Daar word geen beperking gelê op persone wat as omroepers of as omroepsters wil kwalifiseer nie.


**NG Kerkboekhandel Transvaal**

*'n Groot verskeidenheid boeke en kommentare vir*

- **ADMISSANTE**
- **PROPEDENTE**
- **TEOLOGIESE STUDENTE**

*Voorgeskrewe boeke vir*

- **WYSBEGEERTE**
- **SOSIOLOGIE**
- **SIELKUNDE**
- **KRIMINOLOGIE**

*en ander SKRYFBEHOEFTES beskikbaar.* *Tomstraat 98* *Foon: 7401*

**POTCH HEALTH STUDIO**

- *VERSLANKING*
- *FIGUUROEFENINGE*
- *LIGGAAMSBOU*
- *FIKSHEIDSKLASSE*
- *SAUNA*

*Die modernste metodes in ten volle toegeruste gimnasium.

*Studente slegs **R10** per maand
Ander mense **R20** per maand

**Uitsigarkade** **Die Bult**
**Tel. 6846**

**Betty's Bloemiste**
Sanlamgebou
Lombardstraat 49
Potchefstroom
Tel. 4552/5455

**ONS VERSKAF**
- geskenke
- potplante
- trouruikers

**Die Bult Apteek**
**Tomstr. 88** **Tel. 5943**

*Witjasse; Disseksiestelle*
*Massastelle*
*Skoonheidsmiddels*
*Revlon Gelena Rubenstein*

**U is welkom by ons**

**Werkenoes**
**Kerkstraat**
**Tel. 4154**

*VIR*

**VERF, GEREEDSKAP en HARDEWARE**

**Werkenoes**
**Posbus 359**
**Potchefstroom**

**is FOTOKUNS te besig??**

*Nooit gesien nie !!!*
*Wáár kry jy daardie storie?*
*Met 4 maande universiteitsvakansie elke jaar het ons **alle** studente se ondersteuning nodig.*

*en . . . ons gee FOTO'S, nie kiekies nie!*

SUZUKI

**ONS LEEF IN DIE EEU VAN DIE**

MOTORFIETS

53,3 km/ℓ

* * * * *

**BESTE DIENS . . .**

**BESTE WAARDE!**

**Franks Moto-X Centre**

**Lombardstraat 13**
☎ **5723**

**Kawasaki**

die WAPAD

## NUWEJAAR BRING NUWE PUKKE

Sowat duisend mense begin 'n nuwe, meer selfstandige lewensfase in die nuwejaar op die PU. Soos vir al die ander Pukke wens die redaksie u net die beste vir hierdie jaar toe. Wees welkom op ú kampus!

Die meeste studente bly só vier jaar op universiteit. Dis korter as wat u dink: begin dus sommer dadelik om die meeste uit u studentetyd te put sodat u nie ná vier jaar hoef te sê: ek wou nog dit of dat nie. Die belangrikste bly natuurlik dat u uself as Christelike wetenskaplike sal skool. Laat God se eer dan altyd u mikpunt bly!

**Oriëntering** is die middel tot 'n doel. Die doel is die inskakeling van eerstejaars en die kweek van 'n christelike kampusgees. Die doel is goed, maar dit hang baie van die eerstejaar af of die oriëntering hierdie doel bereik. Beleef, benut en *evalueer* die middel - die laaste woord is nog nie gespreek nie.

## ENGELSE "GEMATIGD"

Met "gematigde" bewegings op feitlik al die Engelse kampusse in die land word dit nou duidelik dat daar 'n sterk stroom onder die Engelssprekende bevolking is wat met die Afrikaner (wat as volk meer konserwatief ingestel is) kan handevat. Dit bewys weereens dat veral die Engelssprekende nie meer uit tradisie nie, maar uit oortuiging sy standpunt inneem. Vir die Afrikaner wil ons vra: volg dié voorbeeld. Vir die Engelsman: Stryk die onderlinge verskille in gematigde kringe uit. Die tyd is ryp vir handevat!

## *Uit die Woord*

## SAGMOEDIGE WYSHEID

Lees: Jakobus 3:13-17.

Vers 13: "Wie is wys en verstandig onder julle? Laat hom uit sy goeie lewenswandel sy werke in sagmoedige wysheid toon."

Die christene aan wie Jakobus skrywe, kon so gou, so selfvoldaan en hoogmoedig praat en so min doen. Hulle het so graag ander geleer, maar self het hulle nie juis enige voorbeeld gestel nie.

Maar dan sê Jakobus in vers 13: die toets van ware wysheid lê bo alles in jou optrede, in jou werke.

Luister maar net wat sê die Bybel.

"Ware wysheid is die vrees van die Here en om van die kwaad af te wyk is verstand." (Job 28:28)

"Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is . . ." (Spreuke 8:13).

En onthou . . . Bybelse wysheid is altyd sagmoedige wysheid en sagmoedige wysheid is nie praterig en selfsugtig nie. Nee, dit wil gee en doen. Dit is vredeliewend, vriendelik, vol barmhartigheid, onpartydig en vol goeie vrugte, sê Jakobus in vers 17.

Sagmoedige wysheid is die wysheid van Christus, die Groot Leermeester wat gesê het: "Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart." Die Fariseërs en die Skrifgeleerdes het gepreek en nie gedoen nie, maar Christus het gepreek en ook gedoen. By Hom was dit leer en lewe en dit is sagmoedige wysheid.

Jy is nou op universiteit.
Jy wil graag hard studeer.
Jy wil jou kennis laat toeneem.
Jy wil eendag vol wysheid hier weggaan.

Dit alles is pragtige ideale en uitdagings. Mag jy die genade ontvang om dit te verwesenlik. Maar mag al jou studies jou ook bring tot sagmoedige wysheid:

- deurdat jy nie net met wysheid sal praat nie, maar ook met wysheid sal optree;
- deurdat dit ook vir jou sal gaan om jou goeie lewenswandel;
- deurdat dit ook vir jou sal gaan om jou voorbeeld.

Dan is jy waarlik student.
Dan is jy waarlik wyse student.
Dan is jy waarlik Puk-student.




# GEMATIGDE DENKER BESOEK PU

**Rob Maguire, voorsitter van die Moderate Thinkers Association op die Pietermaritzburg-kampus van die Universiteit van Natal, het op 17 Oktober 1978 tydens 'n SSR-byeenkoms oor die gematigde bewegings op Engelse kampusse gepraat en 'n algemene Suid-Afrikaanse kultuur en meer samewerking tussen Afrikaners en Engelse bepleit.**

Hy het gesê hy staan 'n algemene Suid-Afrikaanse kultuur in teenstelling met 'n Afrikaanse en Engelse kultuur voor. Die PU het die ideale geleentheid hiertoe omdat hy meer kontak met swart en blanke kampusse het.

Hy het meer samewerking tussen Afrikaners en Engelse bepleit. Die Engelse student het volgens mnr. Maguire 'n vaste vooropgesette idee oor die Afrikaanse kampusse: hulle dink dat die PU uiters konserwatief is. Hy het egter gevind dat dit nie só is nie en dat daar genoeg gemeenskaplike belange vir samewerking is.

Die konfrontasie tussen die konserwatiewe en linkse faksies op die Engelse kampusse bring aktiwiteit mee en is dus 'n goeie ding, aldus mnr. Maguire.

### Pietermaritzburg

'n Sterk gematigde groep bestaan op die Pietermaritzburgkampus. Die Moderate Thinkers Association wat vir hierdie studente gestig is, se ideaal is 'n "basic concept of contact". Die groep is nie bloot anti-Nusas nie omdat dit 'n doodloopstraat is, aldus Rob. Die meerderheid van die studente op Pietermaritzburg sou vir kontak wees. In 'n referendum op Pietermaritzburg het Nusas gewen. Tog is baie studente nie gelukkig met die Nusasstruktuur nie en meen hy dat Nusas tot die studentevlak sal moet terugkeer.

Ook op Rhodes bestaan 'n sterk gematigde groep. Baie steun word ook op Wits gewen vir die konserwatiewe beweging daar. Veral Rhodesiese studente is lid van 'n konserwatiewe beweging wat in 1977 op Durban gestig is. Kontak tussen Pietermaritzburg en Durban se gematigde bewegings is betekenisvol, maar weens grondwetprobleme kan een beweging vir die twee kampusse nie gestig word nie. Mnr. Maguire het ook gesê dat daar heelwat Christene op Durban se SR is. Hy was van mening dat hulle 'n besliste invloed op die afgelope Nusas-kongres sou hê.

### Suidwes

Die feit dat die SWAPO-mosie van die Nusas-kongres van 1977 wat SWAPO as die enigste verteenwoordigende liggaam in Suidwes-Afrika erken, sowel deur Wits, Pietermaritzburg en Durban uitgegooi is en baie deur UCT verander is, bewys dat die denke op die Engelse kampusse gematigd is, volgens Rob.

Oor Walvisbaai hang mnr. Maguire die Suid-Afrikaanse regering se standpunt op wetlike gronde aan. Ná 'n skikking bereik is, kan die regering weer daarna kyk, sê hy.

"Akademiese standaarde moet vir alle Suid-Afrikaners dieselfde wees", volgens mnr. Maguire.

### Verkiesings

Hy het gesê dat studenteraadsverkiesings op die Engelse kampusse van dié op die Afrikaanse kampusse verskil. Die SR daar word met minder respek behandel: die studente wil nie by die SR (en dus Nusas) betrokke raak nie. Die gevolg is dat slegs 14 kandidate vir die 12 poste op Pietermaritzburg gestaan het en dat die SR-lede gemiddeld 20 jaar oud is. Mnr. Maguire sou graag meer ervare lede op die SR wou sien. Die sterk politieke siening het 'n invloed op die verkiesings.

Die huiskomiteeverkiesings is minder polities omdat die studente dit só verkies: die HK moet hulle met formele koshuisaangeleenthede behep. In een geval het daar 24 kandidate vir slegs agt poste gestaan.

### PU-standpunt

Mnr. Theuns Eloff, SSR-voorsitter van die PU het tydens die geleentheid gesê dat die meeste van die ses beginsels van Dynamic Patriotism op Rhodes vir die PU aanvaarbaar is, maar nie noodwendig vir die ASB nie. Hy het ook gesê dat die vêrregse vleuel van die ASB vir hom 'n probleem is. Die beginsels is (saamgevat):

* Diskriminasie op grond van Godsdiens, ras, kultuur of geslag word verwerp.
* Maatskaplike en ekonomiese probleme word nie deur die een-mens-eenstem-beweging opgelos nie.
* Alle vryheid wat nie ander se vryheid vernietig nie, word voorbehou.
* Vrye onderneming word as ekonomiese beginsel aanvaar vir die verhoging van lewensstandaard.
* Daar moet vrye toegang tot die opvoedingstelsel wees.
* Onderlinge kommunikasie in respek en liefde word beskou as die enigste manier om probleme op te los.

Die PU is egter nie baie gelukkig met die standpunt oor kapitalisme nie. Mnr. Eloff het gesê hy het Skriftuurlik probleme met naakte kapitalisme en die huidige kapitalisme in Suid-Afrika is baie met sosialisme vermeng. Mnr. Maguire was van mening dat die Pietermaritzburg-studente teen sosialisme is en vir vrye onderneming is. Hy verkies ook nie suiwer kapitalisme nie, maar soos hy dit gestel het "predominantly free enterprise". Daar moet byvoorbeeld lae-koste-behuising voorsien word. Hy is tevrede met die status quo in die land. Mnre. Eloff en Maguire het saamgestem dat 'n universiteit die reg het om ten opsigte van geloof te diskrimineer.

Die PU se SSR is meer georganiseerd as Pietermaritzburg se SRC, volgens mnr. Maguire. Die studente het ook respek vir die SSR. Studenteverteenwoordiging, goeie koördinering en goeie struktuur in die studenteorganisasie, asook die studente se vriendelikheid en gewilligheid om te praat, het hom op die PU opgeval.

UIT NO. 13

# SÓ WERK PU SE STUDENTELEWE

Beste nuwe Pukkie

Welkom in hierdie nuwe fase van jou lewe. Mag dit vir jou ook een van die mooiste fases word en bly. Dit is dan nou ook die doel van hierdie brief om aan jou 'n oorsig te gee oor die georganiseerde studentelewe, sodat jy kan weet hoe om dit te gebruik om sodoende jou eie studentelewe te verryk.

Ek glo jy is teen hierdie tyd al baie deurmekruis. As jy nie is nie, is jy beslis 'n beter eerstejaar as wat ek was en kan jy gerus die Studenteraad gaan spreek insake jou onmiddellike ontheffing van oriëntering.

Voor die einde van oriëntering gaan jy nog baie studenteleiers in baie organisasies leer ken en dit gaan later al hoe moeiliker word om te begryp waar alles en almal inpas. In werklikheid is die geheel soos 'n legkaart waarvan al die klein stukkies eers sin maak as jy hulle in mekaar gepas het. Op die ou end is die geheel baie eenvoudig en sinvol.

Ons het op die oomblik 'n unieke stelsel in ons studentelewe hier op die PU. Die leierstruktuur van die PU is **belangebehartigend** en nie **verteenwoordigend** nie. Eintlik is dit wel verteenwoordigend, maar nie in dieselfde sin as wat normaalweg daaronder verstaan word nie.

Wat is presies die verskil tussen verteenwoordigend en belangebehartigend? Laat ek dit so verduidelik:

Op skool het jy gestem vir 'n aantal persone wat jou, as leerling, op die leerlingraad (of prefekteraad) moes verteenwoordig. Daar was dus 'n aantal kandidate gestel en jy moes kies wie jy wou hê as prefekte. Só 'n raad is verteenwoordigend. Die groot nadeel van hierdie stelsel is natuurlik dat gewildheid en nie bekwaamheid nie, die deurslaggewende faktor is.

Na analogie hiervan kan ons die belangebehartigende stelsel só verduidelik:

Op skool neem die leerlinge deel aan verskillende aktiwiteite volgens hulle belangstelling. Hieronder is:

1. Sport
2. Kadette
3. Voortrekkers
4. Godsdienstige jeugverenigings
5. Kulturele aksies (bv. debat)
6. Sommiges swot selfs!

Ons het nou ses **belangekringe** van die skoliere afgebaken. Ons kan nou die leerlingraad saamstel deur uit elkeen van hierdie kringe twee leiers te kies. Hulle behartig dan die belange van die leerlinge wat aan die betrokke aktiwiteit deelneem. Deurdat slegs diegene wat hulle onderskei het gekies sal word en nie net diegene in die eerste rugby(netbal)-span nie, sal hierdie raad in werklikheid meer mense verteenwoordig. Hy sal ook bekwamer funksioneer omdat sy lede gespesialiseerde kennis het van hulle eie belangekringe. In werklikheid sluit "belangebehartigend" dus "verteenwoordigend" in en praat ons dus dikwels van **belangeverteenwoordigend**.

Op die PU onderskei ons sewe belangekringe:

1. Sportkring
2. Akademiese kring
3. Korps
4. Politiese kring
5. Kultuurkring
6. Koshuiskring
7. Administratiewe kring

Hierdie kringe bestaan elkeen uit 'n aantal klubs of verenigings of komitees wat soortgelyk is aan die ander in die kring, d.w.s. dieselfde belangstellingsveld. So is daar in die sportkring die hokkieklub, rugbyklub, kanoklub, karateklub en baie ander. Die voorsitters van hierdie verskillende sportklubs vorm die Sportraad. So vorm die leiers van die verskillende Korpsselle weer die Korpsraad. Op dié wyse het elke belangekring 'n raad wat sy werksaamhede koördineer en beheer. Omdat hierdie rade elkeen 'n deel van die studentelewe beheer, en omdat hulle direk onder die Sentrale Studenteraad staan, is hulle bekend as substudenterade. Tydens oriëntering sal al hierdie rade aan jou voorgestel word en hulle werksaamhede en samestelling aan jou uiteengesit word. Dit is egter die moeite werd om 'n bietjie langer by die Sentrale Studenteraad stil te staan.

Die Sentrale Studenteraad (SSR) word so genoem omdat dit die liggaam is waarin al die belangekringe bymekaar kom. Dit staan dus in die sentrum, die "brein", van die georganiseerde studentelewe. Dit is ook die hoogste gesag daarvan. Hierdie liggaam word saamgestel uit twee verteenwoordigers uit elkeen van die sewe belangekringe, wat jaarliks deur die studentemassa verkies word. Daarby is ook 'n voorsitter en adjunkvoorsitter wat **nie** 'n spesifieke belangekring verteenwoordig nie. Ná die verkiesing wys die SSR ook nog self 'n penningmeester vir die raad en kies uit sy eie geledere ook 'n visie-voorsitter.

Behalwe dat elke SSR-lid nou 'n sekere belangekring op die raad verteenwoordig, beskik hy of sy ook oor 'n sekere PORTEFEULJE. Hierdie portefeulje is 'n uitbreiding van die verantwoordelikheid van die lid in dié opsig dat hy ook op daardie terrein van die studentelewe diens moet lewer. Op hierdie wyse dien die lid die massa as geheel en nie net 'n sekere groep in die massa nie. Hierdie portefeuljes kan geskommel word indien nodig. Daar is tans die volgendes:

* Voorsitter
* Adjunk-voorsitter
* Visie-voorsitter
* Sekretaris
* Penningmeester
* ASB-projekte
* Geboue, terreine, ontspanning, vervoer en studentesentrum
* Gemeenskapsdiens
* Grondwette
* Karnaval en intervarsity
* Kleure, eksamens en toere
* Opleiding
* Studentediens
* Die Wapad, datums, publikasies en advertensies

Deur die portefeuljes word alternatiewe kanale geskep. Veronderstel daar was probleme met 'n rugbytoer. Die saak kan nou opgeneem word met die lid vir toere, sowel as die twee sportraadverteenwoordigers. (Vir meer inligting, sien Puk-sakboek bl. 14)

Die verskillende verenigings, klubs en komitees op die PU staan bekend as **onderliggame** van die SSR. Al die onderliggame staan onder **patronaatskap** van die SSR. Dit beteken dat hulle aan die SSR verantwoordelik is. So moet hul jaarbeplanning en finansiële begrotings deur die SSR goedgekeur word en moet hulle jaarliks 'n verslag oor hul werksaamhede aan die SSR voorlê. In ruil daarvoor is hulle weer geregtig op geriewe en voordele soos SSR-vervoer, lokale en fondse. In die praktyk word die grootste deel van bogenoemde sake behartig deur die raad van die belangekring waartoe die onderliggaam behoort. Dus behartig die Akademiese Raad die jaarbeplanning, begroting en jaarverslag van die Geskiedenisvereniging.

Daar bestaan natuurlik ook verenigings aan die PU vir CHO wat nie by die SSR gepatroneer is nie, soos die jeugverenigings van die verskillende kerke. Dit is omdat die aard van hierdie organisasies sodanig is dat hulle nie by hierdie struktuur hoort nie, meestal omdat daar ook mense buite die universiteit daaraan behoort.

Ek hoop dat hierdie brief jou sal help om meer uit die oriënteringstydperk te haal en van die geleentheid gebruik te maak om die studenteleiers te leer ken wat jou sal kan help om jouself uit te leef in jou besondere belangstellingsveld. Ek beveel aan dat jy die Puk-sakboekie en Studentehandboek by die SSR-kantoor langs die Totiussaal gaan aanskaf en deurkyk. Jy sal daarin veel interessanter en meer besonderhede kry.

Laastens wil ek net beklemtoon dat die studenteleiers wat jy gedurende die volgende twee weke gaan leer ken, almal daar is om vir jou van diens te wees en nie andersom nie. Hulle is spesiaal opgelei en voorberei daarvoor. As jy 'n probleem het, of meer besonderhede omtrent iets wil hê, kan jy hulle gaan vra. Hulle sal graag help.

NICO LEMMER
(Namens AKADEMIESE RAAD)



*Die moderne Sielkunde- en Opvoedkundegebou verfraai die kampus.*

# PSIGOLOË SIT KOPPE BYMEKAAR

**Die hoofdoel** van die Psigologiese vereniging is studentediens. Hierdie dinamiese vereniging streef daarna om aan sy lede akademiese versorging te verleen. Die vereniging werk saam met die doserende personeel om voordele soos gedrukte notas teen minimumkoste beskikbaar te stel, om probleme i.v.m. toetsreëlings uit te stryk, om studente met prestasieprobleme by te staan en om die gees van leergierigheid en hardwerkendheid te bewerkstellig.

Die Psigologiese vereniging streef ook daarna om studente 'n breë agtergrond oor psigologie te gee. Die vereniging gaan kontak met Psigologie-studente op ander kampusse bewerkstellig, en sprekers uitnooi om aktuele sake te belig.

Deur medium van film poog die vereniging om lede meer direk in die Psigologiese situasie in te bring en hulle 'n idee van die internasionale verklaring tot op datum te gee.

Die Psigologiese vereniging sal met sy studentelede skakel deur mede-klaslede. Die verteenwoordigers sal vir skakeling met die sentrale bestuur sorg.

# REGSKLINIEK INGESTEL

**Cognitio is die nuutgestigte koerant van die SRVP. Dit dien as 'n spreekbuis van die regstudente.**

Die regskliniek beoog om die behoefte aan regsadvies onder die Kleurlinge te verlig. Die kliniek poog ook om beter skakeling tussen die Regstudente en die prokureurs van Potchefstroom te bewerkstellig.

Die SRVP beplan 'n besoek aan die Gevangeniswese, die Hooggeregshof en die Meesterskantore in Pretoria. Vervoeronkostes van lede sal deur die SRVP gedra word.

Buiten die tradisionele geselligehede soos die jaarlikse Kenmekaar, die Regsdag en die Regsafskeid, sal twintig seniorlede ook 'n kongres by die Universiteit van Durban bywoon.

# Aptekers werk baie hard

**Die doel van die PASV is om alle aptekerstudente binne hulle professie te verenig, op ons eie kampus en met ander aptekerstudente. Die vereniging tree ook op as kommunikasiemedium tussen die dosente en studente. Deur hierdie vereniging word aptekerstudente bewus gemaak van die belang van nooddiens.**

Lidmaatskap is verpligtend vir alle aptekerstudente aan die PU. Lede moet aktief deelneem en hulle aan die besluite van die vereniging onderwerp.

Lede is geregtig op verskeie voordele wat die vereniging hulle bied, soos uitstappies na Farmaseutiese fabrieke, intersportdae tussen aptekerstudente van die PU en ander opleidingsentra, 'n interklasdag tussen die verskillende studiejare in farmasie en gemeenskapsdiensprojekte in tuislande.

Nadat 'n aptekerstudent sy eerstejaar geslaag het en 75 persent van die ledevergaderings van SAASF bygewoon het, mag hy die kleure van die federasie dra. Lede van die PASV kry afslag wanneer hulle ledekaarte by die plaaslike apteke toon.

# FILOSOWE RAAK GROND

**Die Wysbegeertevereniging se hoofdoel vir 1979 is skakeling met ander universiteite. Die lede gaan sover moontlik kontak maak met die universiteite naaste aan die PU. Die Kovsies sal veral genader word aangesien hulle nou aan die tweede Christelike universiteit in die land behoort.**

Hoewel die vereniging nou verbonde aan die Departement Filosofie is, is hierdie vak van só 'n aard dat enige student daar sal tuis voel. Filosofie is nie soseer 'n aparte vak nie, maar eerder 'n basis vir alle vakrigtings. In dié gees probeer die vereniging alle vakwetenskappe by sy bedrywighede betrek. Vanweë die basiese belang van filosofie vir elke vakrigting is die vereniging die beste tot hierdie taak toegerus.

Studente wat meer oor filosofie wil weet, kan dit op informele wyse by die vereniging uitvind. Die datum van die verwelkomingsfunksie sal op plakkate aangedui word. Almal is welkom.

# BAK EN BROU

Hoewel die Huishoudkundevereniging hoofsaaklik vir Huishoudkundestudente gestig is, is nie-huishoudkundiges ook welkom. Die hoofdoel van die vereniging is om agtergrondkennis van die vak te bekom. Daarom word besoeke aan 'n klerefabriek, 'n kaasfabriek en 'n bakkery gebring.

Die vereniging skakel ook met ander verenigings, soos die Admissiebond. Eerstejaars is welkom om die eerste bekendstellingsaksie van die huishoudkundiges by te woon.

SNYMAN SE DRANKWINKEL
**H/v Van Riebeeck- en Wolmaransstraat**
**TEL. 5201**
Waar studente mekaar ontmoet.
Bied R5 aan die eerste korrekte inskrywing wat opgemaak word.
Hoeveel studente werk oor naweke in **Snyman se Drankwinkel?**
Geen telefoonnavrae. Pos u antwoord aan:
Snyman se Drankwinkel, Posbus 346, Potchefstroom

*Met komplimente van*
H. & H. JEWELLERS
**Kerkstr. 127, Potchefstroom 2520**
**Posbus 212, Tel. 4622**

**Bernina**
DIE MASJIEN WAT ELKE PUK BEGEER!!
*NOU MEER AS OOIT BINNE U BEREIK.*
*SPESIALE AFSLAG VIR STUDENTE.*
*ONTWIKKEL U VERBORGE TALENTE MET 'N* ***BERNINA.***
**30 JAAR WAARBORG!*
**Bernina Sentrum**
**Cosmya Sentrum**
**Tel. 8350**
**Tulstel. 21595**

# Vra vir Hulpprojek

**Hulpprojek is 'n unieke aksie van die Pukke, en volgens die lede van hierdie onderliggaam, by verre die lekkerste.**

Elke vakansie spring 'n groepie studente in die pad om bouprojekte in Swartgebiede aan te pak. Dit sluit kerke, skole en huise vir swartmense in, afhangende van die behoeftes in hierdie verband.

Hulpprojek het ontstaan omdat 'n groep studente nie meer net op die kampus, Die Bult en die res van Potchefstroom wou lewe nie, hoeveel hulle dit ookal geniet het.

Hulle het besef dat die Pukke ook 'n verantwoordelikheid teenoor die mense van ander tuislande het. Deur hierdie bou-arbeid benut studente die geleentheid om die Koninkryk van God op dié besondere wyse te help uitdra en te help waar gemeentes finansieel nie in staat is om self 'n kerk op te rig nie.

Tydens die werkery is die Pukke ook van diens tot die mense d.m.v. basiese Bybelkennis, naaldwerk- en voedingonderrig en goedkoop mediese hulp.



*Studente restoureer 'n gebou tydens hulpprojek.*

# BIBFLITSE

**Die PU en die UOVS is die enigste twee universiteite in die land wat met Studente Biblioteekverenigings kan spog. Die SBV is in 1978 gestig omdat daar onder die studente van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde die behoefte aan 'n eie spreekbuis ontstaan het.**

Die doel van die Biblioteekvereniging is om 'n samehorigheidsgevoel onder biblioteekkundestudente te kweek; die beeld van die biblioteek te verbeter; met die beroepsvereniging te skakel en om interuniversitêre skakeling te bevorder.

Elke lid van die Departement Biblioteek- en Inligtingkunde is outomaties lid van die SBV. Die vereniging het 'n spesiale nuusblad vir die biblioteekkundestudent, en beoog interessante boekbesprekings en toere na biblioteke wat in die leerplan behandel word. Op 9 Maart hou die SBV en die beroepsvereniging, SABV, saam 'n kenmekaar.

# NACH HAUSE

**Die** Duitse vereniging bied studente die geleentheid om hul taalkennis op die gebied van die kultuur uit te leef. Lede hoef nie noodwendig verder in Duits te studeer nie. Belangstellendes is baie welkom.

Die eerste vergadering word gehou op Woensdag 14 Februarie 1979. Lede van die vereniging sal in 1979 die Duitse gemeenskappe in Natal of in Rustenburg besoek. 'n Kuiertjie by die Johannesburgse skool en Münchener Haus, en lesings en filmvertonings aangaande aktuele onderwerpe word ook in die vooruitsig gestel.

# GESKIEDENIS NIE NET OU NUUS NIE

Die Geskiedenisvereniging besoek geskiedkundige besienswaardighede in Potchefstroom en ander dorpe. Die vereniging beoog ook om besprekings oor aktuele sake met direkte betrekking op die geskiedenis, te hou. Interuniversitêre skakeling staan ook op die lys van prioriteite in die jaarprogram.

Gedurende die Aprilvakansie word 'n toer na Natal of die Kaapprovinsie onderneem. Op die eerste vergadering van die jaar sal skakelpersone uit elke klas gekies word om hulle groep te verteenwoordig. Hierdie studente vergemaklik sodoende beter skakeling tussen eerste-, tweede-, en derdejaars en hulle dosente.

Die vereniging is nie net vir Geskiedenisstudente bedoel nie. Geskiedenisliefhebbers is dus welkom om saam te kuier.

# Fisika is interessant

**Fisikastudente** is dikwels onseker oor die beroepsmoontlikhede van hierdie vak. Die Fisika-studentevereniging besoek jaarliks drie van die organisasies of maatskappye wat werk aan hierdie studente verskaf. In 1979 sal 'n myn, die WNNR, en die SABS besoek word.

Die FSV is nie tot fisikastudente beperk nie, en danksy die besprekings en praatjies, pannekoekaande en die lees van die blaadjie van die vereniging sal enige student uitvind hoe interessant hierdie vak regtig is. Die vereniging skakel ook op informele vlak met die fisikavereniging van Wits.

# LIBER FACTUS BEVRY

**Liber Factus stel hom ten doel om inligting oor gevare van drankmisbruik en dwelmmiddels te verskaf. Tydens vergaderings en kampe besin die lede oor die probleem en die bekamping daarvan.**

Drank en dwelmverslawing is 'n probleem wat daagliks toeneem. Die feit dat verslawing onder jongmense toeneem is 'n kommerwekkende siatuasie.

As gelowiges wat deur die bloed van Christus vrygemaak is, wil Liber Factus die boodskap van verlossing, van vrymaking van die bande van verslawing by sy medemens tuisbring. Verslawing het verskeie oorsake, maar die belangrikste hiervan is versteuring van die mens se geloofsbande met God. Die bekendstellingsaand van Liber Factus is 14 Februarie 1979, en die eerste kliniekbesoek word op 24 Februarie gehou.



*Ontspanning na 'n toer van vyf weke om geld in te samel.*



*Die teleskoop van die Sterrekundevereniging.*

# "DIE STERRE VOORSPEL"

**Die** Sterrekundevereniging bestaan uit 'n groep studente wat mense wat in dié rigting belangstel, help om meer van die hemelruim en die verskynsels daarin te wete te kom.

Sterrekunde word nie as 'n vak op die PU aangebied nie. Die vereniging het egter 'n teleskoop wat deur al die lede gebruik mag word. Besoeke aan die Planetarium in Johannesburg word ook gereeld onderneem. Alle belangstellendes is welkom.

# Ideologika

**IDEOLOGIKA** het ontstaan uit die behoefte om in intieme kring oor elke aspek van die saamlewe van mense te gesels. Lede van Ideologika doen ook 'n wetenskaplike studie van hulle temas onder bespreking; krities, radikaal en prinsipieel.

Vyf studiegroepe het die volgende temas bestudeer:

- Die Calvinistiese staatsteorie
- Swart bewussyn, mag en teologie
- Evolusie en Génesis
- Kunsfilosofie
- Die pers

Ideologika skakel met 37 Christenstudente-verenigings in al ses kontinente.

# Studiekring neem standpunt

**STUDIEKRING** is een van die gespesialiseerde onderliggame van Korps, wat aktuele sake in tydskrifte en koerante bestudeer en as gelowiges standpunt inneem.

Hierdie liggaam gee die vlugskrif "5-minute" uit. Aktuele sake van studentebelang word bestudeer, soos die studentepolitiek op die PU en ander kampusse.


Ajax Boeke en Skryfbehoeftes

**Kerkstraat 159** **Tel. 22331**

**AANDAG, ALLE STUDENTE!!**

***Vir alle boeke, skryfbehoeftes, lekker leesstof, e.s.m. maak 'n draai.***

Vriendelike diens word gewaarborg.



JURGENS

**DIE NES**

***Buiteluglewesentrum***

**Hoof Carletonvilleweg**
**Potchefstroom**
**Tel. 7328**

*Stel u belang in ontspanningsstap?*
*Kom maak dan kennis!*
*Ons het die staptoertoerusting vir u.*



**CACHET APTEEK**

**Tomstraat 92**
**DIE BULT**
**Tel. 4201**

*Bel ons vir vinnige motorfiets-aflewerings.*

**SPESIAAL**

***Sylvania Magicubes 3x4***
***R2.07 (belasting ingesluit)***



**Bult Droogskoonmakers**

*As jy jou ma mis en jou meisie wil nie, bring dan jou klere na ons.*

**NET** } 80 minute vir droogskoonmaak
4 ure vir was

*Ons is in die*
***UITSIG-ARKADE***
*op die Bult*



*STUDENTS ARTS & CRAFTS*

Johan Dreyer-gebou,
Potgieterstraat,
Posbus 101,
POTCHEFSTROOM 2520
Tel. 2-1711

**VIR ALLE KUNSNAALDWERK EN NAALDWERK BENODIGHEDE**

★ Tapisserieë met alle benodighede: Gare en Wol.
★ Borduurmateriale met gare. Bedrukte tafeldoeke, skinkbordelappies, lopers, ens.
★ ALLE HEKELGARES ★ KUNSNAALDWERKBOEKE
★ MACRAME-HANDSAKHANDVATSELS ★ AFSTRYKPATRONE ★ ONTWERPE ★ STOPSELS, KORRELS, KAPOK, SKUIMRUBBERSTUKKIES

**Kuns Benodighede vir die volgende:**

★ PEWTERWERK ★ KITSKERAMIEK ★ KERSMAKERY ★ SYSKERMWERK ★ MOSAIEK ★ PEOTERWERK VELLE ★ GLASVERF ★ DECUPODGE ★ DECAL ★ MODELLEER KLEI ★ GIPS EN GIPSVORMS ★ HOUTSNEESTELLE EN HOUT.
★ Alle kunstenaars benodighede: verf, doek, papier, kwaste, ens.

VILT: in die groottes wat u verlang.
SKUIMRUBBER: in alle grotes en diktes
KOPERPLATERING van roomkanne, emmers ens. word ook gedoen.
Oorspronklike skilderye, potloodsketse en alle kunswerk verkoop ons!!!

*5% Afslag vir studente*

**SUSAN ALBERTS sal u bystaan met al u benodighede**



*Tertia Oosthuizen*
*Korpssel Kasteel*



*Fielies Kotze*
*Korpssel Die Voor*



*Johan Nel*
*Korpssel Dorp*



*Rika Vorster*
*Korpssel Kulu*



*Christa Duvenage*
*Korpssel Heide*



*Twakkies*
*Korpssel Hombré*

# KORPSSELLE NIE GEÏSOLEER NIE

**Uitspan**

Korpssel Uitspan sal in hierdie termyn veral op twee temas konsentreer. Prof. Gert Scholtz is die spreker vir die onderwerp ***Aanpassings en verwagtinge in SA Sport. Stedelike Terrorisme in SA.*** word deur mnr. H.R. Lass behandel. Fielies Kotze is die voorsitter van hierdie sel.

**Kasteel**

Tertia Oosthuizen, voorsitster van Korpssel Kasteel, nooi eerstejaars om te kom vasstel watter groot planne Kasteel vir 1979 het. Die bedrywighede van hierdie groep sal reeds gedurende oriëntering 'n aanvang neem.

**Karlien**

Die eerstejaarsbekendstellingsaksie van Karlien se Korpssel sal op 7 Februarie gehou word. Dit bied eerstejaars van Karlien 'n gulde geleentheid om hulle mede-eerstejaars en Korps te leer ken. Volgens Trudie Steenkamp beplan hulle interessante aksies vir die nuwe jaar.

**Dorp**

Johan Nel, leier van Korpssel Dorp, nooi alle belangstellendes uit om op 22 Februarie by die Teologiese Skoolgebou te kom uitvind watter groot planne hierdie sel in die mou het. Gedurende hierdie vergadering sal lede in kennis gestel word van die werksaamhede van die groep vir 1979.

**Wag-'n-Bietjie**

Die selleiers beoog om dames die geleentheid te bied om oor aktuele sake te besin uit 'n Christelike oogpunt. Deur 'n diensprojek wil hulle aan die gemeenskap diens lewer. 'n Verskeidenheid van aksies wat by die oorkoepelende tema aansluit, word tesame met teekanbesprekings beplan. Die bekendstellingsaksie word op 20 Februarie gehou.

**Klawerhof**

Die sel is die belangrikste deel van K.V.V., omdat dit die beste geleentheid vir nouer skakeling bied. Korpssel Klawerhof beplan 'n groot verskeidenheid aksies wat oor die oorkoepelende tema van Korps handel. Hierdie sel hou ook ontspanningsaksies met ander selle, soos balwedstryde in Klawerhof se vierkant. Die eerste aksie sal op 13 Februarie plaasvind.

**Heide**

Volgens Christa Duvenage, selleidster, glo lede van Korpssel Heide aan die sukses van soet en bitter wat saam die goue middeweg uitspel. Hulle werk saam hard, hulle is saam ernstig en hulle ontspan saam, "soos net Pukke dit kan doen".

**Over-de-Voor**

Die wakker klomp leeus van Korpssel Die Voor wil in 1979 veral besin oor ***Moderne Oorlogvoering Vandag.*** Sewe genooide sprekers sal hulle dus toelig omtrent aktuele sake in hierdie verband. Die leeus wil nie net ontvang nie, en daarom poog hulle om die jongmense van Promosa te help met die stigting van 'n jeugvereniging. Danie Malan is die leier van hierdie sel.

**Vergeet-My-Nie**

Marietjie Steyn, voorsitster van Korpssel Vergeet-My-Nie, heet eerstejaars in hierdie sel welkom. Vier van die temas wat hulle in die nuwe jaar wil deurdink, is ***Aborsie, Genadedood, Betrokkenheid in die Weermag*** en ***Wie is Ek?***

**Kulu**

Eerstejaars van Korpssel Kulu sal met 'n fondue op die dak van hulle koshuis welkom geheet word. Die hooftema vir die eerste termyn is ***Die eeu waarin ons leef,*** in die tweede termyn sal die sentrale tema die oorkoepelende tema van Korps wees, en die tema vir die derde termyn sal waarskynlik oor die pers handel.

**Hombré**

Hombré is die Spaanse woord vir man. Die energie van Hombré-manne word ingespan tot diens van Korps. Die verwelkomingsaksie vir eerstejaars van hierdie sel is maar die voorspel tot 'n belowende jaar.

## Korps Veritas – oorwin

**Die Christenjongmens staan voor groot uitdagings wat hy moet hanteer en te bowe kom. Hiervoor moet hy homself voorberei en skool. Sy lewe moet 'n lewe wees van aksie waarin hy medestryder is vir die Koninkryk van God.**

Elke student is medebetrokke by hierdie stryd. Hy mag nooit sy bydrae onderskat of minag nie. Korps Veritas Vincet wil hom gebruik sodat almal saam kan stry vir God se Koningryk. In die koshuis besin die Christen saam met sy mede-gelowiges oor die uitdagings wat voor hulle lê. So word hy gevorm en geskool om die stryd met die nodige kennis aan te pak.

Die bestuur van elke koshuis sal Korps tydens 'n verwelkomingsaksie bekendstel. Tyd vir ontspanning bly nooit agterweë nie. Kampe en uitstappies saam met manskoshuise en dameskoshuise word gehou.

Op 7 en 8 Maart hou Korps 'n uitstalling in die Totiussaal oor sy bedrywighede. Al die verenigings wat onder Korps ressorteer, neem daaraan deel.

In Korps kry 'n mens die geleentheid om ander mense te leer ken en te vorm, maar hierdeur word jy ook gevorm en geslyp.


**Posters**

Pragtige gemonteerde posters asook ongemonteerde posters verkrygbaar by Bernina Sentrum.

***Ons doen raamwerk en monteer enige iets.***

**Cosmya Sentrum**
**Tel. 8350**


## Caritas red troues

**CARITAS** is die junior maatskaplike werkersverenging. Ingeskrewe Maatskaplike Werk-studente aan die PU kan lede van hierdie vereniging word indien hulle lidmaatskapsfooie betaal het.

Die tema vir 1979 is huweliksvoorligting. Caritas beoog ook 'n kamp en 'n naweektoer na Johannesburg.


*Tierlantyntjies*

**Santamarkade Kerkstraat 91**
**Tel. 7315**

*Vir*
*TIERLANTYNTJIES vir jou koshuiskamer*
*of*
*MACRAMÉ vir sý kamer.*
*TAPPESERIEË*


## Fauna en flora is vir almal

**DIE** Biologiese studentevereniging is nie uitsluitlik vir studente in die natuurwetenskappe bedoel nie. BSV bied sy lede die geleentheid tot nadere kennismaking met die praktiese sy van die natuurwetenskappe. Ledegeld beloop drie rand per jaar.

Die jaarprogram van BSV sluit besoeke aan die herbarium in Pretoria en ander tropiese tuine in. 'n Naweekkamp na Buffelspoort en 'n toer na die Laeveld is ander jaarlikse instellinge wat in 1979 voortgesit sal word. Verder beplan hierdie vereniging 'n besoek aan Sasolburg en omgewing en besprekings oor die kweek en versorging van binnemuurse plante, evolusie, lugbesoedeling en die tropiese eilande.




*Fleurette Bloemiste*

**Kerkstraat 83 Tel. 4062**

***Ons maak voorsiening vir die arm student sowel as vir die ryk een.***

*Blomme*
*Geskenke*
*Plante*



*Baie welkom aan die nuwe Pukke*
*Van u eie motorhawe*

Motoriste

***Kry elke week 'n***

**GRATIS**

WAS EN WAKS OP U MOTOR
ONDERSTEUN U EIE DIENSSTASIE
AS STUDENTE IS U GEREGTIG OP
SPESIALE TARIEWE BY

**HAROLD'S AUTO DIENSSTASIE**

en

**PAT'S MOTORS**

**Kerkstraat Potchefstroom**



*Inspanning en konsentrasie - maar satisfaksie*

# Trapkar trap vooruit

**Trapkarbewonderaars is moontlik onbewus van die feit dat hierdie sportsoort die tweedemeeste toeskouers naas rugby trek. Dit is dus duidelik dat die Pukke trapkarwedrenne as belangrik beskou.**

Die eerste wedren is 'n ses-uurwedren wat tydens Karnaval gehou sal word. Aangesien Karnaval in 1979 in geheel op die Fanie du Toit-sportterrein sal plaasvind, is die nuwe PU-trapkarbaan reeds in aanbou. Die PU vir CHO is die eerste wat 'n spesiale trapkarbaan op sy sportterrein het.

Ná Karnaval begin die interkoshuistrapkarkampioenskappe van die PU. 'n Reeks van sewe wedrenne vind deur die loop van die jaar plaas en die uitslag word op 'n puntebasis beslis. Studente wat hoër mik, kan ook met PU-trapkarre aan interprovinsiale kampioenskappe deelneem.



*Intervarsitywegspring van die 10 000 meter op Roodeplaatdam. Foto: Jaco Pretorius*

# PUKKE VAAR GOED

**Die PU-kanoklub was een van die min sportklubs wat verlede jaar eervol uit die Intervarsitystryd kon tree ná 'n oorwinning teenoor die Kovsies.**

Die eerste ledevergadering word op 12 Februarie gehou. 'n Kursus vir nuwe lede word gedurende die naweek van 17 Februarie by Parys aangebied. Beginners mag van klubbote gebruik maak.

Op 24 Februarie word die eerste wedvaart van die jaar oor 25 kilometer beslis. Die geslote PU-kampioenskappe sal as finale voorbereiding vir die Intervarsity teen RAU dien.

Die kanospan van RAU is tans die kampioenspan van die Noordelike Universiteite. Die PU-kanoklub beoog ook om 'n span vir die Bergriviermaraton, wat in Julie plaasvind, in te skryf.



*Lede van die skermklub doen hul bes tydens die Intervarsity teen Kovsies.*



*Pieter Groenewald, voorsitter van die Sportraad.*

## SKIET-KLUB

Die SKIETKLUB dien as opleiding vir dames wat nog nie 'n vuurwapen hanteer het nie. Dit is om hierdie rede dat dit as 'n vereiste vir lede gestel word dat hulle nie voorheen 'n vuurwapen moes hanteer het nie.

Koekoe McDuling van Kulu is die voorsitster van hierdie klub.

# PUKKE SPRING VALSKERM

**Die PU is een van die weinige universiteite wat valskermspring as 'n sport aanbied. Dit is wel 'n sportsoort en nié 'n "Dive with Death" nie. Statistieke het reeds getoon dat die valskermsport een van die veiligste sportsoorte is.**

Indien die instrukteur tevrede is, begin 'n mens met vryval. Dit is die spil waarom die hele sport draai. As 'n mens dit beoefen, word uit die vliegtuig gespring en op hoë hoogtes van ongeveer 5000 voet vir sowat 20 sekondes vry geval. 'n Spoed van ongeveer 200 km/u word bereik. Daarna begin mens met relatiewe werk soos byvoorbeeld 'n vierman ster.

Intervarsity teen Kovsies sal vroeg in hierdie jaar plaasvind. Toestande in Augustus is nie baie gunstig vir valskermspring nie. Binne die eerste twee weke vandat die universiteit begin het, sal daar 'n kursus vir beginners aangebied word.

# Skerm

**SKERM is nog 'n redelik onbekende sportsoort. Die skermklub sal van vanjaar af in die studentesentrum gehuisves word. Op dié manier sal skerm ook meer belangstelling verwerf.**

Die gewildheid neem in elk geval reeds toe. Kompetisies word gedurende die jaar teen ander universiteite en klubs gehou. Op die SAU en Intervarsity word ook skermwedstryde gehou.

Geen voorvereistes word gestel nie; enige persoon kan aan hierdie interessante sportsoort deelneem. Die oefentyde is op Maandae en Woensdae tussen 19h00 en 21h00.

# Pukke trek saam

**Die PU-toutrekklub het tydens Intervarsity teen die Griek was en die Weermag in Bloemfontein meegeding omda die Kovsies nie 'n toutrekspan het nie.**

Mnr. Bosman, president van die Transvaalse Toutrekunie, het die Pukke gedurende 'n afrigtingskursus touwys gemaak.

Enige ingeskrewe mansstudent aan die PU mag 'n lid van die plaaslike toutrekklub word. Volgens berig word, hoef 'n mens nie noodwendig oor 'n fenomenale massa te beskik om 'n suksesvolle toutrekker te wees nie. Taaiheid en uithouvermoë is belangrike eienskappe vir voornemende toutrekkers.

Die klub beplan 'n koshuisliga wat vanjaar tydens Karnaval gehou sal word. Die grootste uitdagings in 1979 sal die S.A.-kampioenskappe en die Springbokproewe wees.



# MANS SPEEL HOKKIE

**Die manshokkieklub beoog vanjaar om twee PU-spanne in die Wes-Transvaal hokkieliga in te skryf. 'n Moontlike Wes-Transvaalse binnemuurse liga word ook beplan. Daar sal 'n koshuisliga gehou word wat uit 'n binnemuurse en 'n gewone liga sal bestaan.**

Die PU sal deelneem aan die Intervarsity teen RAU en Kovsies en aan die Suid-Afrikaanse Universiteite-toernooi wat in Port Elizabeth gehou sal word.

Die klub wil ook geld insamel by wyse van 'n wêreldrekord tydens Karnavaltyd. Verder word afrigtingsklinieke deur 'n nasionale afrigter in die vooruitsig gestel. Daar is ook sprake van 'n toer na Oos-Transvaal.

Oefentye is op Maandae en Woensdae vanaf 10h15 en stokwerk op Dinsdae en Donderdae ná 17h00. Die eerste jaarvergadering sal op 12 Februarie gehou word waarná ook 'n braaivleis gereël sal word.


WELKOM IN POTCHEFSTROOM

★ DIE WINKEL VIR DIE STUDENT

Foon: 641

HUIS EN TUIN




Shell

DIE BULT GARAGE

(EDMS.) BPK

Algemene motorherstelwerk en Vulstasie

Naaste garage aan die universiteit

H/v Tom- en Von Wiellighstraat POTCHEFSTROOM
Posbus 2007
NOORDBRUG
Foon 21791

Met 'n bietjie Liefde

Spesiale afslag vir studente.

Vars blomme daagliks
Lief vir jou meisie? Gee vir haar blomme.

GELD

BINNE LOOPAFSTAND VAN U AF

VOLKSKAS (BEPERK)

TOMSTRAAT 98
TELEFOON 4237

ARBEIDSAAMHEID